

18 November

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 2:9-13

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 2:13

Geloof wat werk!

Ons weet dat geloof nie iets is wat vanself groeiplek in 'n mens se hart kry nie, maar altyd 'n reaksie op God se aksie is. Geloof beteken eintlik om deur God oorreed te word om sy Woord te hoor, die waarheid daarvan in Christus te aanvaar en daarvolgens te lewe. Iets hiervan het in die gemeente van Tessalonika waar geword. Paulus getuig van hulle geloof: dat hulle die boodskap van God waarlik as sý Woord ontvang het en nie net afgemaak het as mensewoorde nie en veral, dat hulle geloof in hulle dade uitgeleef word.

As jy God se liefde ervaar het, word jy bereid om hard te werk om daardie liefde in jou lewe sigbaar te laat word. So word jy 'n voorbeeld vir ander gelowiges en weerklink die Woord van die Here in jou woorde en dade. Om waarlik te alle tye by jouself verby te leef tot diens van andere is die inspanning van die liefde wat God deur sy Gees in ons werk.

Dit vra ook volharding in die hoop op die wederkoms van Christus. Om met oë wat op die uitkyk is vir die wederkoms, te leef, is om gereed te wees vir wanneer Hy kom. Dit is om elke dag met vrede en vreugde te leef in die sekerheid dat wanneer God voor my staan, ek gereed is om Hom te ontmoet.

Sing: Psalm 145:10, 12

Ds. WGM Kotze (Rooihuiskraal)